Tel: (013) 755 2082
Faks: (013) 755 3502 / (013) 752 6552
Adres: Posbus 127, NELSPRUIT 1200
E-pos: nellies@nelliesh.co.za
Web: www.nelliesh.co.za
Hoof: Mnr. J. H. Hattingh

HOËRSKOOL NELSPRUIT

2021-01-28

OB 1 VAN 2021

Geagte Ouers

Langenhoven het gesê: “As die kortpad die beste pad was sou die hoofpad daar geloop het.”

Hoërskool Nelspruit se personeel, beheerliggaam en ouergemeenskap weet dat uitnemendheid en volhoubaarheid die hoeksteen is waarop Hoërskool Nelspruit se waardesisteem berus.

Dit is slegs bereikbaar as ons op die hoofpad bly.

Kommer bestaan by ouers en leerders oor die skooljaar wat voorlê en of gehalte onderwys gedurende 2021 moontlik gaan wees.

Daar bestaan geen twyfel nie, dat die personeel gereed en kundig is om, met lesse in 2020 geleer, ook in 2021, soos altyd, uitnemende onderwys aan te bied.

Ons het besondere doelwitte vir 2021:

- Om die samehorigheid onder die personeel, leerders en ouers weer te beklemtoon en uit te bou.
- Om weer te fokus op kernsake en om te poog om op kort kennisgewing vinnig aan te pas en die skool innoverend te bestuur.

Die beperkings en eise wat die grendelstaat meebring, het nie verander nie, daarom versoek ons ouers en leerders om getrou maskers te dra, hande gereeld te saniteer en om samedrommings te vermy. Ons versoek ouers ook om nie leerders wat siek is, skool toe te stuur nie. Stel die skool onverwyld in kennis indien u kind positief toets vir die Covid-19-virus of indien u kind moet isoleer.

Om 2021 se akademiese jaar af te skop, tref ons die volgende reëlings:

1. Handboekreëlings:

Handboeke word volgens die volgende rooster in die **skoolsaal** aan leerders uitgedeel, mits die handboeke wat in 2020 gebruik is, teruggegee is. Leerders raadpleeg SASPAC-GLOBAL om hul registerklas vir 2021 te kontroleer.

Graad 12 Woensdag	3 Februarie 2021	A, B	08:00 – 09:00
		C, D	09:00 – 10:00
		E, F	10:00 – 11:00
		G	11:00 - 12:00
Graad 11 Donderdag	4 Februarie 2021	A, B	08:00 – 09:00
		C, D	09:00 – 10:00
		E, F	10:00 – 11:00
		G, H	11:00 - 12:00
		I	12:00 – 12:30
Graad 10 Maandag	8 Februarie 2021	A, B	08:00 – 09:00
		C, D	09:00 – 10:00
		E, F	10:00 – 11:00
		G, H	11:00 - 12:00

Graad 9 Dinsdag 9 Februarie 2021	A, B	08:00 – 09:00
	C, D	09:00 – 10:00
	E, F	10:00 – 11:00
	G, H	11:00 - 12:00
	I	12:00 – 12:30
Graad 8 Woensdag 10 Februarie 2021	A, B	08:00 – 09:00
	C, D	09:00 – 10:00
	E, F	10:00 – 11:00
	G, H	11:00 - 12:00
	I	12:00 – 12:30

Leerders het voordat nuwe handboeke uitgereik word, die geleentheid om handboeke wat nie aan die einde van die skooljaar in 2020 in gegee is nie, in te handig of om verlore handboeke te betaal teen R150 per handbook.

Die graad 12-leerders begin op Donderdag, 4 Februarie 2021 met **aanlynklasse** via Google Classroom, graad 11-leerders begin op Vrydag, 5 Februarie 2021 en die graad 10-leerders op Dinsdag, 9 Februarie 2021.

Die **koshuise** open op Sondag, 14 Februarie 2021 om 13:00 vir graad 9 – 12-leerders. Koshuisvaders sal fyner reëlings hieroor met koshuisouers tref. Hulle sal ook met graad 8-koshuisouers rakende die inskakeling van nuwe graad 8-leerders kommunikeer. Die finansiële kantoor sal oop wees op Sondag tussen 08:00 en 10:00 en dan weer tussen 12:00 en 17:00.

2. Skoolopening:

Die skool begin amptelik vir alle leerders op Maandag, 15 Februarie 2021 om 07:30. Graad 9 – 12-leerders sal, soos verlede jaar, op die skoolterrein deur die siftingsprosesse gaan, voordat hulle afbeweeg na die sportterrein. Leerders neem, met maskers aan, op die pawiljoen plaas vir die openingseremonie. Graad 8-leerders kom voor die saal bymekaar, waar hulle sifting plaasvind, voordat hulle afbeweeg na die sportveld.

Na afloop van die verrigtinge op die pawiljoen, sal die leerders in klasgroepe na hul registerklasse vir die afhandeling van administratiewe prosesse, beweeg.

Die graad 8-leerders sal saal toe beweeg waar hulle inskakelingsprogram begin.

Die graad 8-leerders se inskakelingsprogram in die saal sal tot Woensdag, 17 Februarie 2021 duur. Op Donderdag, 18 Februarie 2021 sal die graad 8-leerders op die sportterrein aan sportuitdunne deelneem, waarna hulle huiswaarts keer. Ouers kan hulle vanaf 12:00 op die skoolterrein oplaai. Die graad 8-leerders woon **nie Vrydag, 19 Februarie 2021 skool by nie.**

Die ander grade gaan skool tot en met Vrydag, 19 Februarie 2021.

Vanaf Maandag, 22 Februarie 2021 word die alternatiewe dagrooster (sien aangehegte dokument) gevolg. Hiervolgens sal die onderskeie grade nie kontakonderrig op die volgende weeksdae ontvang nie en by die huis of koshuis bly:

- Maandae - graad 11-leerders
- Dinsdae - graad 8-leerders
- Woensdae - graad 10-leerders
- Donderdae - graad 9-leerders

Graad 12-leerders is elke dag, Maandag tot Vrydag, by die skool. Hierdie rooster word gevolg om te voldoen aan regulasies soos uiteengesit in die Staatskoerant.

Ons is opgewonde oor die nuwe skooljaar en sien uit na die hoogtepunte wat dit mag meebring.

Nellie-groete

J H HATTINGH
HOOF

AFWISSELENDE DAE VIR 2021
Kwartaal 1

SLEUTEL	X	DAG WAT GRAAD TUISBLY OF MINI-EKSAMEN SKRYF						
		DATUM	**DAG**	**GR 8**	**GR 9**	**GR 10**	**GR 11**	**GR 12**
Week 1	Ma	15-Feb	1					
	Di	16-Feb	2					
	Wo	17-Feb	3					
	Do	18-Feb	4					
	Vr	19-Feb	5	X				
Week 2	Ma	22-Feb	6				X	
	Di	23-Feb	7	X				
	Wo	24-Feb	8			X		
	Do	25-Feb	9		X			
	Vr	26-Feb	1			X		
Week 3	Ma	01-Mar	2				X	
	Di	02-Mar	3	X				
	Wo	03-Mar	4			X		
	Do	04-Mar	5		X			
	Vr	05-Mar	6		X			
Week 4	Ma	08-Mar	7				X	
	Di	09-Mar	8	X				
	Wo	10-Mar	9			X		
	Do	11-Mar	1		X			
	Vr	12-Mar	2	X				
Week 5	Ma	15-Mar	3				X	
	Di	16-Mar	4	X				
	Wo	17-Mar	5			X		
	Do	18-Mar	6		X			
	Vr	19-Mar	7				X	
Week 6	Ma	22-Mar	**SKOOLVAKANSIEDAG**					
	Di	23-Mar	8	X				
	Wo	24-Mar	9			X		
	Do	25-Mar	1		X			
	Vr	26-Mar	2					X
Week 7	Ma	29-Mar	3				X	
	Di	30-Mar	4	X				
	Wo	31-Mar	5			X		
ONDERHEWIG AAN VERANDERING								